higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID

NKR VLAK 4

(9020034)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n BLOU of SWART pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem VYF direkte korttermyneffekte wat blootstelling aan chemiese besoedeling op die menslike gesondheid kan hê. (5)

1.2 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: https://thsawc.org/files/12-15-16%20Spot%20the%20hazards%20game.pdf]

1.2.1 Noem VYF take wat gereeld uitgevoer moet word om higiëne in 'n kombuis soos die een wat hier bo getoon word, te handhaaf. (5)

1.2.2 Beskryf hoe jy te werk sal gaan om die risiko's waarvoor 'n gesin wat hierdie kombuis gebruik te staan kom, te assesseer/beoordeel en te verminder. (5)

1.2.3 Noem en verduidelik die gevare wat VYF gesondheid- en veiligheidsrisiko's wat in die kombuis hier bo getoon word, inhou. (5 × 2) (10)

1.3 Wat behoort al die mense in 'n gemeenskap te doen om 'n gesonde omgewing te bevorder? (10)

1.4 Hoekom strooi sommige mense rommel (laat vullis agter in 'n oop of openbare ruimte) en lyk dit nie of hulle vir die omgewing omgee nie? (5)

[40]

VRAAG 2

2.1 Definieer elk van die volgende terme:

2.1.1 Werkgewer

2.1.2 Werknemer

2.1.3 Werkplek

(3 × 2) (6)

2.2 Noem DRIE wette in Suid-Afrika wat op beroepsgesondheid en -veiligheid betrekking het. (3)

2.3 Noem VIER verskillende soorte gestremdheid. (4)

2.4 Noem VYF verantwoordelikhede wat werkgewers ten opsigte gesondheid en veiligheid het. (5)

2.5 Watter spesiale behoeftes en modifikasies/wysigings moet oorweeg word wanneer 'n toeganklike kombuis vir 'n rolstoelgebruiker ontwerp word? (6)

2.6 Watter voordele het dit om beroepsgesondheid en -veiligheid 'n prioriteit in maatskappye te maak? (6)

2.7 Hoekom is dit belangrik vir die versorgers van 'n gestremde familielid om gereeld selfsorgaktiwiteite te onderneem? (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 3

3.1 Definieer die term *geraasbesoedeling.* (2)

3.2 Noem DRIE bronne van geraasbesoedeling. (3)

3.3 Noem VIER effekte wat geraasbesoedeling op gesondheid het. (4)

3.4 Noem VIER omgewingsvriendelike afvalverwyderingspraktyke. (4)

3.5 Gee VYF wenke oor hoe om die negatiewe effekte van geraasbesoedeling te verminder. (5)

3.6 Klassifiseer elke item in die volgende lys as óf BIODEGRADEERBAAR óf NIE-BIODEGRADEERBAAR (bioafbreekbaar/nie-bioafbreekbaar) deur die woorde onder die korrekte opskrif in die tabel hier onder te skryf. Kopieer en voltooi die tabel in die ANTWOORDBOEK.

rekenaarhardeware; plastiekbottel; koerant; kartondoos; glasbottel; piesangskil; blikkie; eierdoppe; battery; koffiemoer

BIODEGRADEERBAAR (BIOAFBREEKBAAR)	NON-BIODEGRADEERBAAR (NIE-BIOAFBREEKBAAR)

(10)

Kopiereg voorbehou

3.7 Wat kan gedoen word om die afval wat ons produseer te verminder? (6)

3.8 Watter maatreëls kan geneem word om 'n kakkerlakinfestasie in 'n woning te beheer? (6)
[40]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik hoe 'n troeteldier gesondheid en welsyn kan verbeter. (5)

4.2 Wat kan ouers doen om hul kinders te beskerm teen die risiko's wat troeteldiere tuis inhou? (5)

4.3 Wat moet troeteldiereienaars doen om hul troeteldiere gesond te hou? (10)

4.4 Rondom watter sleutel-aksiegebiede sou jy 'n gesondheidsbe-vorderings-program bou? (5 × 2) (10)

4.5 Watter uitdagings hou gesondheidsbevordering in Suid-Afrika in? (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 5

5.1 Definieer die term *noodhulp.* (2)

5.2 Gee die nasionale telefoonnommer van die noodambulansdiens in Suid-Afrika. (2)

5.3 Noem die hoofbeginsels van noodhulp. (3)

5.4 Wat moet jou 'n spinale besering (rugmurgbesering) laat vermoed in iemand wat noodhulp benodig? (5)

5.5 Beskryf hoe om iemand in die herstelposisie te plaas. (8)

5.6 Noem die korttermyneffekte wat blootstelling aan huishoudelike geweld en mishandeling op kinders het. (5 × 2) (10)

5.7 Hoekom bly slagoffers dikwels in afbrekende (Engels: abusive) verhoudings? (5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou